

Deur God se genade sal ons _____:

(Joh 15:5 Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.)

Niks is van onself nie; ons kan nie een van die dinge op ons eie regkry nie; ons is totaal afhanklik van God wat alles gee)

- Daarna **streef** om God lief te hê met ons hele hart, siel, verstand en krag
(Deut 6:4 "Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here.

5 Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag."

- Om God lief te hê moet ons Hom ken deur Sy Woord te lees en oordink en deur persoonlike verhouding met Hom;
- die manier wat ons liefde aan God bewys is deur Hom te gehoorsaam en deur mekaar lief te hê)

- Mekaar/ander met **liefde behandel** en mekaar **aanmoedig** met geduld, nederigheid en vriendelikheid

(Rom 13:8 Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul... Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. 10 Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet."

liefde vra dat ons met mekaar:

vriendelike sal wees

die waarheid praat

die beste sal glo

liefde is nie:

selfsugtig nie

ongeskik nie

geduldig sal wees

die goeie/beste sal gun

genadig sal wees

liggeraak nie

haatdraend/vol wrokke nie

hoogmoedig nie)

- **Altyd dankbaar** wees

(Kol 3:15: "Wees altyd dankbaar..."

Om dankbaar te wees:

- beteken dat ek nie fokus op wat ek nie het nie, maar op wat ek wel het;
- beteken dat ek alles wat iemand vir my doen of gee waardeer;
- vul my met vrede en vreugde;
- eer die Here)

- **Nooit bang** wees om vir die waarheid te staan nie, maak nie saak wat dit kos nie

(Joh 3:21 "Maar wie volgens die waarheid handel, kom na die lig toe, sodat dit duidelik kan blyk dat sy dade in gehoorsaamheid aan God gedoen is."

- Ons hoogste bron van waarheid is die Bybel, God se Woord. Daarom meet ons alles daaraan, ook onself.
- Ons praat ook die waarheid, selfs al is dit moeilik)

- **Doen** wat ons moet doen so goed ons kan en met vaardigheid, sonder kla, asof vir die Here
(Kol 3:23 "Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie...")
 Werk is 'n seën vir die mens en deel van ons menswees.
 - Daarom doen ons al ons werk so goed ons kan en met blye hart, want dit eer God.
 - Ons laat ons ook leer sodat ons dit al beter kan doen. "Excellence Honours God!")
- Ons met respek **onderwerp** aan alle gesag wat God oor ons gestel het
(Ef 6:2 "Eer jou vader en jou moeder" is 'n baie belangrike gebod.)
Rom 13:1 Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God."
 - Om jou ouers te eer beteken dat jy hulle met respek behandel en hulle gehoorsaam.
 - Dit word ook sigbaar in die manier hoe jy met hulle praat.
 - God het ook die regering en al sy afdelings daar gestel en ons moet die reëls en wette gehoorsaam, selfs al sien niemand dit nie en selfs al stem ons nie altyd saam daarmee nie)
- Die **waarhede van God** se Woord met ons kinders en ander **deel** sodat die geslagte wat kom Hom sal ken en vertrou
(Rom 1:16 Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo...")
Mar 16:15 Hy het vir hulle gesê: "Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom.
 - Wanneer ons vir mense die waarheid van God se Woord vertel word ons die kanaal waardeur God se liefde tot by mense kom.
 - Wat ons vertel sal ook baie meer krag dra as mense dit in ons lewens kan sien.
 - Om te vertel is 'n opdrag van Jesus.
 - Ons skaam ons ook nie daarvoor nie, want dit kan 'n verskil maak in mense se lewens tot in alle ewigheid!)